

BOEKRESENSIES

J.H. van Wyk, Calvyn oor die Christelike lewe, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1984, 54 pp. Prys R4,25.*

Die prinsipiële raamwerk waarbinne hierdie kort inleiding aangebied word, word op die laaste bladsy gevind waar die skrywer sê dat Calvyn tereg op sekere punte gekritiseer, gekorrigeer en geamendeer mag word, maar dit sal geen maklike taak wees om op sy basies etiese gesigspunte en verwysingsraamwerk te verbeter nie" (p. 44).

Calvyn se denke oor die Christelike lewe (wat hier met sy etiek gelykgestel word) word kort, helder en oorsigtelik weergegee en dit op 'n wyse wat nie anders as waarlik voorbeeldig genoem kan word nie. Aan die hand van 'n mooi indeling lei die skrywer sy leser deur die ryke denke van hierdie reuse-teoloog: die bron van die Christelike lewe, die subjek, die terrein, die vervulling, die norm en die bestemming van die Christelike lewe. En wat die werkie 'n verkwikking maak om te lees en te bepeins, is nie alleen die duidelike styl waarin dit geskryf is nie, maar ook die deeglike bronneverwysing wat nie net uit sekondêre werke bestaan nie. Die skrywer het probeer om iets van die gees van die primêre bronne weer te gee.

Hierdie publikasie het gegroei uit 'n voordrag wat die skrywer tydens die Somerskool aan die PU vir CHO gedurende Januarie 1983 gehou het. As alle voordragte maar só 'n inherente lewenskrag vertoon dat dit uiteindelik in publikasies van hierdie aard uitmond!

Prof van Wyk - van die Geref. Kerk se opleidingskool te Hammanskraal - het ons met hierdie werkie verryk en daarmee 'n baie handige inleiding in die etiese denke van Calvyn in die hande van elke dosent geplaas.

J.A.H.

---oOo---

J.H.H. du Toit (red.), h Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse kerklied: inleidende bydraes, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1983, 223 pp. Prys R12,25.*

Hierdie werk, waaraan vyftien persone meegewerk het, handel oor die Afrikaanse

Protestantse kerklied, d.w.s. die lied wat veral in die erediens gesing word, in onderskeiding van die geestelike lied wat nie in die erediens gebruik word nie, maar by ander geleenthede gesing word. In werklikheid word egter meer as slegs 'n geskiedenis gebied. In verskillende van die bydraes word teologiese, musikologiese en letterkundige beoordelings van die kerklied gegee. Die boek val uiteen in twee afdelings, waarvan die eerste handel oor die voorgeskiedenis en herkoms en die tweede oor die Afrikaanse Protestantse kerklied self.

'n Publikasie van hierdie aard sal ongetwyfeld gebruik word as handboek vir studente in die himnologie en liturgiek. Die verskillende medewerkers het hulle baie goed van hul taak gekwyt en werk van hoë kwaliteit gelewer. Interessante gegewens, wat anders nie so geredelik beskikbaar is nie, word hier byeengebring en duidelike prinsipiële lyne word getrek. Juis die deeglikheid kan egter vir sommige lesers probleme skep en dit is denkbaar dat diegene wat geen kennis van musiek het nie, die beoordeling van die melodieë moeilik mag vind. Ook is alle geskiedenis nie ewe interessant nie. Moontlik sal seleksies uit die boek gemaak kan word vir teologiese en musiekstudente onderskeidelik. Die teoloog sal waarskynlik meer hê aan die besonder deeglike hoofstuk oor die vrye Bybelse lied naas die Psalms, deur prof A.C. Barnard, terwyl die musiekstudent weer die kritiese waardering van die Psalmmelodieë van 1976-1978, geskryf deur prof A.J.J. Troskie, waarskynlik beter sal verstaan.

Naas ander werke oor die kerklied, soos "n Nuwe lied vir die Here" (J.A. Loader, red.) neem hierdie boek sy plek in en bied dit leiding op 'n gebied wat baie sentraal staan in ons diens aan die Here.

A.J.S.

* Beschikbaar gestel deur N.G. Kerkboekhandel, Pretoria

---oOo---

H. Faber, (red.), Handboek Pastoraat: pastorale perspektiewe in een veranderende samenleving, Von Loghum Slaterus, Deventer 1982. Prys R50,48.

Hierdie publikasie is iets anders as die gewone. Dit is 'n losblad-uitgawe in 'n ringband. Toe die eerste aflewering daarvan in November 1982 gepubliseer is, is aangekondig dat die voorneme bestaan dat die hele handboek in sewe afleweringe sal verskyn, wat met tussenposes van drie maande die lig sal sien.

Teen hierdie tyd behoort dus sowat die helfte daarvan voltooi te wees. Onder redaksie van die bekende prof H. Faber werk 'n hele aantal geleerdes uit verskillende kerke in Nederland aan hierdie werk. Hul bydraes is in tien rubrieke gerangskik, t.w. veranderinge in maatskappy en kerk, Christen-wees in hierdie tyd, dimensies van Christelike lewe, vernuwinge in die pastoraat, geloof en ekumene, amp en diens, werkvorme van die pastoraat, lewensfases, spesiale kategorieë van pastoraat en ten slotte dokumentasie vir die praktyk.

'n Publikasie van hierdie aard het natuurlik sowel voor- as nadele. Aan die positiewe kant kan die feit gereken word dat dit nie die werk van slegs een persoon weerspieël nie, maar kennismaking bied met 'n hele aantal meer- en minder-bekende teoloë en verteenwoordigers van ander wetenskappe wat 'n bydrae lewer. Dit is ook maklik om een of ander saak na te slaan en dan in redelike kort bestek heelwat informasie te vind. Die redaksie het 'n ernstige poging aangewend om die verskillende bydraes by mekaar te laat aansluit, sodat fragmentasie sover as moontlik vermy word. Sommige van die bydraes (veral die wat vanuit sosiologiese hoek geskryf is) is egter vir die leser in Suid-Afrika moontlik nie van soveel direkte betekenis nie. Ander gedeeltes is egter besonder belangrik. By die deurblaai van die werk, val dit die Suid-Afrikaanse leser op hoe sterk die Nederlandse samelewing gesekulariseer is en hoe hierdie feit ook op die kerke inwerk. Dit het byvoorbeeld die gevolg dat die lees van 'n gedeelte uit die Skrif en 'n direkte gesprek daaroor, sowel as 'n gebed as afsluiting van die pastorale besoek gladnie meer so vanselfsprekend funksioneer as in ons opset nie en deur meer as een pastor vermy word. Miskien is dit vir ons nodig om hierdie dinge te lees, om te sien waarheen ons moontlik ook op weg is.

Die prys van die publikasie is redelik hoog, maar dit kan beskou word (om 'n goeie Nederlandse uitdrukking te gebruik) as 'n "up-to-date" handboek oor die pastorale sorg.

A.J.S.

—oOo—

P.J. Rossouw, Grondlyne vir 'n pastorale model - Gerben Heitink, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1983, 78 pp. Prys R6,75.

'n Kerklike eksaminator, wat die taak gehad het om 'n hele aantal proponentskripsies deur te lees en te beoordeel, het onlangs die opmerking gemaak dat dit

jammer is dat soveel van die interessante en waardevolle studiemateriaal wat op hierdie wyse byeengebring en verwerk is, nie in wyer kring beskikbaar gestel kan word nie. Dikwels word onderwerpe gekies wat ook vir persone buite die klein kring waarin sulke skripsies gewoonlik gelees word, van belang is. In hierdie netjiesversorgde boekie het ons nou iets van die aard. Die skrywer daarvan het in 1980 aan ons fakulteit afstudeer met 'n skripsie oor die bekende proefskrif van G. Heitink, "Pastoraat als hulpverlening". Die inhoud daarvan word tans in verkorte en verwerkte vorm vir 'n breër leserskring beskikbaar gestel. Die voordeel van 'n werkjie van hierdie aard is dat dit in kort bestek die kern van 'n groter werk, wat juis weens die omvang daarvan vir meeste teoloë 'n geslote boek bly, beskikbaar stel. Veral vir studente wat wil kennis maak met die werk van Heitink sal dit handig wees. Die skrywer daarvan het waardeering vir die waardevolle bydrae wat Heitink gelewer het, maar wys ook op die agtergronde van Heitink se standpunte en dui aan waar kritiek gelewer moet word.

Soos elke student wat al 'n voorgeskrewe boek slegs uit die opsomming van 'n medestudent bestudeer het, wel sal weet, is 'n opsomming altyd 'n verskraling. Daarom moet diegene wat hierdie werkjie lees nie meen dat dit die bestudering van die oorspronklike werk kan vervang nie. Dit is trouens ook nie die bedoeling daarvan nie. Dit kan egter wel van nut wees as bondige kennismaking met 'n belangrike eietydse model van pastorale sorg. As sodanig sal dit ongetwyfeld gebruik word by die bestudering van die wye veld van die poimeniek. Miskien kan dit 'n eerste vrug wees van 'n hele oes van soortgelyke geskrifte. Sou die Teologiese Fakulteit nie wou oorweeg om ander verdienstelike studies wat as skripsies ingedien word as boekies of brosjures te laat verskyn nie - moontlik selfs as 'n reeks?

A.J.S.